**Vrydag 8 September**
**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:6, 13 (AFR83)**
**Laat vaar jou individualistiese kokon en help met die opbou van Christus se liggaam**

Elke mens het ’n behoefte aan betekenis, en ons vind veral betekenis in die bydrae wat ons tot ander mense se lewens maak. Individualisme sê egter: “Ek leef net vir myself.” Die individualistiese mens weier om homself te sien as deel van ’n groep met ’n gesamentlike doel. Daarmee ontneem hy homself van ’n betekenisvolle lewe en ander mense van sy invloed waarvoor die Here hom bestem het.

Die Here het die kerk as eenheid gevorm – ’n eenheid gebou deur ons gesamentlike geloofsband met God deur Jesus Christus. Paulus sê: *“Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon”* (4:6). God skep so ’n liefdesgemeenskap waarbinne ons betekenisvol kan leef. Die betekenis vind ons in gesamentlike groei tot volwassenheid: *“So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos ’n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus”* (4:13).

Vir hierdie groei skenk die Here dienaars aan sy kerk om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk met Geestesgawes (4:7, 11, 12, 16). Elkeen moet leer wat sy gawe is en sy funksie in die kerk vervul. Gelei deur die Heilige Gees, kom daar groei deur mentorskap, onderlinge invloed en diens aan mekaar – alles in liefde. Soos ons mekaar bedien en opbou, groei ons almal tot volwasse dissipels en beelddraers van Jesus Christus. Hierdie eenheid en groei staan in skrille kontras met selfsugtige individualisme.

Individualisme bots met die wese van God. Jesus Christus het dié liefdesdiens van hoogste betekenis kom doen: Hy het Homself vir ons kom gee ter wille van ons redding en ewige gemeenskap met Hom. In dankbaarheid mag ons nou lewens vol betekenis leef deur diens in sy kerk. Waar soek jy ’n lewe van betekenis?

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4*

*Ds. JGL van der Walt (Deon) (Oudtshoorn)*